

# Wat doen ons?

## Paasfees

Daar is 'n verskeidenheid dinge wat gelowiges kan doen om hulle belewenis van Paasfees te versterk. Gebruik die tradisionele groet op Paassondag. Een persoon sê: “Die Here het opgestaan!” Waarop die ander dan antwoord: “Hy het waarlik opgestaan.”

Tradisioneel word die erediens op Paassondag ingerig met baie blomme, lig en vrolikheid. By Stellastraat word lidmate gevra om op Paassondag ligte kleure te dra, nadat hulle op Goeie Vrydag donker kleure aangehad het.

Baie gesinne met kinders hou tradisioneel 'n paaseier-skattejag op Paassondag (Opstandingssonntag). Paaseiers word dan in die tuin of huis weggesteek vir die kinders om te soek. Oorweeg dit om hierdie jaar 'n **Paasfees-skattejag** te hou waarin daar nie net na eiers gesoek word nie, maar na verskillende objekte wat herinner aan die Paasverhaal. Dit is maklik om te doen omdat meeste van die objekte reeds in ons huise of tuine te vinde is. Maak net seker dat die objekte wat deel uitmaak van die skattejag kies wel in julle huis of op julle werf is. Hier onder is 'n lys van objekte wat jy in so 'n skattejag kan gebruik, maar wees kreatief en voeg nog by.

- **Iets donkerkleurig** wat ons gebrokenheid en sonde voorstel.
- **Parfuum of enige lekkerruikgoed** wat ons herinner aan die vrou wat Jesus met lekkerruikolie gesalf het.
- **Brood** wat ons herinner aan die eerste nagmaal wat Jesus voor sy gevangeneeming ingestel het.
- **'n Blaar** om ons te herinner aan die palmblare wat die skare voor Jesus neergelê het met sy intog in Jerusalem.
- **'n Muntstuk** wat Judas se verraad simboliseer.
- **Twee stokke** wat die kruis voorstel.
- **Iets rooi** wat Jesus se dood simboliseer.
- **'n Klip** wat ons herinner aan die klip voor Jesus se graf.
- **Iets wat hol en leeg is:** Jesus het opgestaan!
- **Iets wit** om ons te herinner aan die lappe wat in die leë graf agtergebly het.
- **Paaseiers** wat ons help om te onthou dat Jesus se dood en opstanding vir ons nuwe lewe gebring het.

